# KOERSVAS

Jaargang 11 Uitgawe 230
20 September 2024

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto


**In hierdie uitgawe:**


**Redaksioneel: Fabels en Aapstreke**
**Berigte: Beplanning 2025**
**Hofsaak**
**Kennisgewings**


## REDAKSIONEEL

**Fabels en aapstreke.**

Eendag, lank, lank gelede toe diere nog kon praat, was daar 'n savanna met baie boorde - bestaande uit verskillende bome. Daar was boorde met verskillende sitrusbome, boorde met verskillende doringbome, - bladwisselende bome, en nog baie ander. In die boorde het daar apies gelewe.

Die apies het binne die boord van keuse gebly. Hulle het van mekaar geweet, maar apies het nie maklik van 'n boord met een soort boom geskuif na 'n ander boord toe nie. Binne die lemoenboord het apies makliker van een boom na 'n ander beweeg, maar binne dieselfde boord gebly.

Binne elke boord was die apies in elke boom verantwoordelik vir mekaar en die boom.

Elke boord het 'n eie fontein of rivier gehad. Soms het dieselfde rivier deur meer as een boord gevloei. Die waterbronne was baie belangrik vir die apies. Nie net het hulle van die water gedrink nie, hulle het daagliks van die water in kalbasse geskep en die boom natgemaak.

So was daar dan ook 'n boord van Skadu-Papierbas bome gewees. Daar was heelwat bome in hierdie boord. Die apies het self hul eie boom versorg. Nie al die bome was ewe groot gewees nie en het ook nie ewe veel apies in gehad nie. Hulle het een gemeenskaplike fontein gehad om die apies en die bome van die nodige water te voorsien. Die water van hierdie fontein was suiwer en het gesonde voortbestaan gewaarborg. Hierdie apies was baie trots op hulle bome en fontein. Hulle was bekend as die **N**uwe **H**oogte **K**olonie van **A**pies.

Alles het goedgegaan en die apies het die uitdagings van droogtes en roofdiere die hoof gebied. Ongelukkig, soos dit maar is met apies, is daar 'n nuuskierigheid wat nie altyd heilsaam is nie. Gevolglik was daar 'n groepie van die **N**uwe **H**oogte **K**olonie van **A**pies wat begin verken het. Hulle het toe op 'n rivier afgekom wat deur verskeie boorde met verskillende bome gevloei het. Die water van die Vrysinnigheidsrivier was koel, mooi van kleur en aangenaam om te drink. Hulle het diep teue van hierdie water gedrink en ander begin aanmoedig om dieselfde te doen. Hierdie rondloper-apies (ekumene soos hulle graag genoem wou word) het selfs die rivierwater dieselfde naam gegee as die suiwer fonteinwater. So het hulle die Vrysinnigheidsrivier herdoop na die Reformasiestroom toe.

{Hier moet ons net eers 'n tussenwerpsel invoeg. By die bron van hierdie Vrysinnigheidsrivier het Oertel, die oer-bobbejaan, gelewe. Hy het alle apies gehaat en wou hulle almal vernietig. Hy het daarom 'n gif ontwerp om die apies dood te maak. Hy was baie slim en het

geweet dat hy nie die gif te sterk moet aanmaak nie. Groot getalle sou dalk kon doodgaan, maar die oorlewendes sou dan nie weer van daardie water drink nie. Synde die oer-bobbejaan het hy geduld aangeleer en die gif verdun en aangenaam laat smaak.}

Na jare se oorreding en baklei het die rondloper-apies (ekumene) die ander oortuig dat die rivierwater beter is as die fonteinwater van ouds. Die meeste apies was so onder die invloed van die rondlopers dat hulle onbewustelik die nuwe water begin gebruik het vir hulle bome en hulself. 'n Paar groepe van die apies het geweier om van die nuwe water te drink. Hulle het (op apie-manier) nagevors en besef dat die rivierwater giftig is en lei tot die dood. Hierdie standvastige apies het by die suiwer bron gebly en 'n afstand tussen hulself en die ander apies verklaar; al het hulle in die boord gebly.

Die apies wat van die gif-water gedrink het en vir hulle bome daarvan gegee het, het stadig verander. Die sleutelwoord het inklusiwiteit geword. Almal moet saam een word. Die blare van die bome het verkleur en **L**igte **G**eel, **B**lou, **T**urkooois en **I**ndigo geword. Hulle papiersambrele was oop vir almal, behalwe die behoudende apies. Die rondloper-apies het daarop aangedring dat die standvastige apies uit die Sambreel Papierbas moet trek. Dit was ironies dat die apies wat almal ter wille wou wees en wat almal wou intrek, hierdie een groep nie kon verdra nie en wou uitwerp!

Die standvastiges se antwoord was dat dit hulle bome was. Hulle het die saad geplant, die bome laat groei en was steeds besig om die bome te versorg en met heilsame water aan die lewe te hou. Die band wat hulle gebind het, was die heilsame fonteinwater. Die blote feit dat dit 'n Sambreel Papierbas was, was geen regverdige rede vir die rondlopers om daarop aan te dring om beslag te lê op die Behoudendes se bome nie. "Dan gaan ons oneindig prosedeer", het die Rondlopers gesê.

Die feit dat die Behoudendes van voor af sou moes opbou (wat hulle suksesvol sou kon doen) het die Rondlopers nie gepla nie. Die feit dat hulle prosedeer optrede sou maak dat bome wortel en tak vernietig word, of deur ander apies vir 'n appel en 'n ei (erkende betaalmiddel destyds) opgeraap sou word, het hulle nie gepla nie. Sonder deernis vir toegewyde apies, was hulle fokus op bome, eerder as apies, op vergiftigde wraak, eerder as vergifnis en versoening. Hulle was trots op hulle mooi, koel gif-water en wou geen deernisvolle wekroep oorweeg nie.

Soos dit was, was daar nie genoeg apies om die bestaande bome te bewoon nie. Die gif het reeds begin werk en die getal bome en die getal apies van die **N**uwe **H**oogte **K**olonie van **A**pies was duidelik aan die afneem. Dit het hulle nie gepla nie. Apie-trots is 'n verskriklike ding. Hulle kon nie sien of toelaat dat enige apie nie na hulle wil (en gif-water) buig nie.

Aan die ander kant het die suiwer water bome en apies gefloreer.

En dit is waar ons nou is. Die apies se storie is ons storie. Die NHKA gaan onverpoosd voort met hofsake teen die GHG bring. Hulle eis in die naam van hul sogenaamde "klein oorbly gemeentes" (sommige nuut geskep, met maksimum een tot vyftien lidmate) en nadat daar reeds meer as 12 jaar verloop het, dat florerende GHG gemeentes eiendom - waarvoor hard gewerk is in terme van opbou en onderhoud - aan die NHKA gegee moet word. Die impak op die

lewende gemeentes is nie vir hulle van belang nie. Die gif-water van ekumeniese- en bevryding-teologie maak hulle blind vir die gesonde voortbestaan van suiwer Hervormde teologiese denke.

Dr. J Otto

# BERIGTE

## BEPLANNING 2025

Die bestuur is besig om die Kalender vir 2025 te finaliseer. Enige datums wat belanghebbende lidmate onder ons aandag wil bring om op die gemeenskaplike kalender te plaas, moet aan die skriba gekommunikeer word. Die bestuur vergader op 4 Oktober 2024 om die beplanning te finaliseer en goeie samewerking te verseker.

## HOFSAAK: APPÈLAANSOEK

Let daarop dat terugvoering rakende die hofsaak na afloop van die Bloemfontein-verrigtinge, per verslag aan gemeentes versend sal word.

Gemeentes moet bewus wees dat ‘n regsrekening eersdaags versend sal word.

# KENNISGEWINGS

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:
Kalenders
Kwitansieboeke
Offergaweboeke
Dames Kwitansieboeke
Konsistorieboeke
Reklame-plakkate en ander drukwerk
ella@teamworkprinters.com

### FINANSIERING

Skakel gerus met Oranjekas (ons mense) vir 'n goeie tarief ten opsigte van lenings, voertuigfinansiering en veilige beleggings.

**Volkshulp2000**

(NPO 004-086)

Volkshulp2000 is 'n geregistreerde, nie-winsgewende welsynsorganisasie wat al vir meer as 30 jaar na hulpbehoewende volksgenote omsien. Volkshulp2000 ontvang geen hulp van die staat of buitengewoon groot ondernemings nie. Ons is ten volle afhanklik van donasies en ander skenkings (soos produkte, klere en meubels) deur volksgenote. Hulpbehoewende volksgenote se getalle neem toe. Gesinne, kinders en bejaardes is slagoffers van omstandighede buite hulle beheer. Ons doen 'n beroep op volksgenote om ons te help om hierdie toenemende nood te bestry.

**Belastingsertifikate is op aanvraag beskikbaar.**

**Straatadres:** Steadlaan 246,
Queenswood, Pretoria
**Tel:** 012 755 8201/2
**Posadres:** Posbus 11824,
Queenswood, 0121
**Vonkpos:** bestuur@volkshulp.org.za
**Bankbesonderhede:**
Tjekrekeningnommer ABSA 10176514,
Takkode: 623 005

Volkshulp 2000

MET SAAMWERK SAL ONS STREEF OM TER EER VAN GOD TE LEEF